

VERVOER OOREENKOMS KONTRAK



KLIENT INFORMASIE

Naam

Van

Kontak Nommer

Epos

Besonderhede van die persoon of instansie namens wie die meubels en / of goedere vervoer moet word: (Persoon en instansie is afsonderlik en gesamentlik verantwoordelik vir betaling van die bedrag of bedrae in hierdie ooreenkoms vermeld)

ADRESSE

Oplaai Adres

Aflaai Adres

Maak asseblief seker dat hierdie besonderhede korrek is. Stel ons in kennis indien daar 'n grondpad is of indien ons voertuie (veral die trok) dit moeilik sal hê om te ry. Maak ook seker dat ons voertuie, insluitend die 4-ton trok, toegang tot die perseel het.

N.B. Alle bepalinge en voorwaardes op bladsy twee is van toepassing of geteken of nie.

Wegtrek Meubelvervoer PTY LTD

www.wegtrek.co.za | info@wegtrek.co.za

073 461 5359 | 083 769 9714

VOORWAARDES

- **NB. Lees asb. baie sorgvuldig deur, teken en epos terug!**
- **“Wegtrek”** beteken Wegtrek Meubelvervoer en sluit werkers in.
- **“Versender”** beteken die eienaar van die meubels en / of goedere of die persoon met regstittel daarop of wat besit daarvan het, of die behoorlik gemagtigde agent van die versender.

1. Daar is alleenlik gekwoteer vir meubels en / of goedere wat op die inventaris verskyn, hoe ook al verkry. **Vir enige ekstra items mag die faktuur aangepas word**, en sal slegs vervoer word indien daar spasie op die voertuig beskikbaar is.
2. Die grondslag van hierdie ooreenkoms is dat meubels en / of goedere uitsluitlik op die versender se risiko vervoer word, en dat Wegtrek hoegenaamd nie verantwoordelik sal wees vir skade en / of verlies van enige aard hoe ook al opgedoen wat versender mag lei nie.
3. Alle items wat deur die verseker verpak/toegedraai word (bv bubblewrap, bokse ens.) en dalk mag skade kry, sal op die versender se kostes wees.
4. **WEGTREK HET 'N GOODS IN TRANSIT DEKKING VAN TOT EN MET R200 000. Bybetaling sal op versender se onkoste wees. Versender is ook verantwoordelik om hul eie versekering te reël op die trek datum.**
5. Wegtrek het retensiereg op die meubels en / of goedere, selfs al is dit reeds afgelaai (sonder benadeling van regte) tot tyd en wyl versender se rekening met betrekking tot hierdie ooreenkoms ten volle in kontant/eft vereffen is.
6. Geen eis of eise mag of sal die oorsaak wees vir die uitstel en / of weiering van enige bedrag of bedrae uit hoofde van hierdie ooreenkoms verskuldig en betaalbaar deur versender aan Wegtrek nie.
7. Indien die versender hierdie ooreenkoms enige dag vanaf datum van ondertekening tot en met tien dae voor die oplaai datum wil kanselleer sal 'n kansellasiefooi gelykstaande aan 50% van die bedrag of bedrae wat in hierdie ooreenkoms genoem word ten opsigte van vervoer en / of stoor van meubels en / of goedere dadelik betaalbaar wees alvorens genoemde kansellasië oorweeg sal word. Indien versender hierdie ooreenkoms minder as tien dae voor oplaai datum wil kanselleer sal 100% of te wel die volle bedrag of bedrae in hierdie ooreenkoms genoem ten opsigte van vervoer en / of stoor van meubels en / of goedere dadelik betaalbaar wees alvorens genoemde kansellasië oorweeg sal word.
8. Ite regskoste, op 'n prokureur-kliënt-skaal, wat deur Wegtrek aangegaan word in verband met enige regstappe wat Wegtrek teen die versender instel of mag instel ingevolge die bepaling van hierdie ooreenkoms.
9. Dit is die versender se verantwoordelikheid om te verseker dat **ALLES** opgelaai is wat op die inventaris verskyn, en om nadat alles afgelaai is die bakkie/trailer te **INSPEKTEER** om seker te maak niks is in die agtergelaat nie.
10. Enige verandering of deurhaling aan hierdie ooreenkoms of aan die algemene voorwaardes sal ongeldig wees tensy dit behoorlik onderteken is deur Wegtrek sowel as die versender.
11. Versender moet sorg dra dat alle kaste, kabinette en laaie leeg is. Indien dit nie leeg is nie sal Wegtrek dit in kartonne verpak @ **R110-00 per kanton**, en sal genoemde bedrag by kwotasieprys gevoeg word en gereken word as die totale bedrag verskuldig.
12. Ys en vrieskaste moet leeg, ontvries en droog wees voordat dit gelaai sal word.
13. **Waar meubels te groot is, is dit die versender se verantwoordelikheid om meubels uitmekaar te haal of deure te verwyder so ook die aanmeekaarsit daarvan en terugplaas van deure.**
14. Alle elektriese toestelle moet ontkoppel, en waar nodig verpak wees.
15. Indien versender nie voldoen aan 12, 13 en 14 hierbo nie sal genoemde artikels nie deur Wegtrek vervoer word nie.
16. **Maksimum tien potplante**, sal vervoer word. Indien daar spasie op die voertuig is sal meer plante vervoer word met bestuur se toestemming as 'n guns en teen ekstra kostes.
17. Indien ooreenkoms voltooi en terug epos word, sal dit dit beskou word as 'n geldige kontrak tussen versender en Wegtrek of dit onderteken is al dan nie.
18. **Waardevolle items soos skootrekenaars, juwele en selfone moet per e-pos aan Wegtrek Meubelvervoer gespesifiseer word indien dit vervoer gaan word. Ons beveel aan dat die versender hierdie items persoonlik vervoer weens hul hoë risiko. Indien hierdie items sonder spesifikasie vervoer word en wegdraak, sal Wegtrek Meubelvervoer nie verantwoordelik gehou word nie.**
19. Teken die Inventaris lys met oplaai asook aflaa. Hiermee neem die verseker kennis dat ALS opgelaai is en ALS afgelaai is.
20. Alles spieëls moet met borrelplastiek bedek word. Die versender moet dit gereed hê voor dit gelaai word. Wegtrek kan ook die borrelplastiek verskaf teen 'n ekstra fooi.
21. Ons vervoer slegs items wat deur **twee persone** gedra kan word en vervoer nie sement- of marmer items nie.

Handtekening

Datum

2026

Indien jy tevrede is met ons diens, los asseblief vir ons 'n **Google review**. Scan net hierdie QR-kode



VOORWAARDES

Die versender kom ooreen dat die **totale bedrag** van R _____ aan Wegtrek Meubelvervoer betaal sal word. **Die uitstaande balans moet vereffen word na items afgelaai word.** Indien Wegtrek, verpakking van enige los goedere moet verrig sal addisionele koste van **R110-00 per karton** gehef word. Wegtrek het retensiereg op meubels en / of goedere, selfs al is dit reeds afgelaai (**sonder benadeling van regte**) en dat indien iets terug gehou word weens wan of kortbetaling, stoorgeld, herafleweringskoste en / of onttrekkingskoste ook betaalbaar sal wees alvorens versender se rekening ten volle vereffen kan wees. Wegtrek behou die reg voor om 'n subkontraakteur in **onvermydelike omstandighede buite ons beheer** aan te stel. In so 'n geval sal Wegtrek se verantwoordelikheid aan genoemde kontraakteur oorgedra word.

• Is daar n **hysbak** beskikbaar by op en aflaai adresse? (waar van toepassing) Ja ☐ Nee ☐

• Hoeveel **trappe** het die woning in totaal (binne & buite) _____

'n Deposito van _____ **(50%)** moet betaal word

deur versender voor of op _____ **2026.** (Om trek datum vas te maak)

Totaal verskuldig na deposito _____ (sodra items afgelaai word)

Ontvangs van vrag sal geneem word deur _____

("Die Ontvanger")

Die versender erken by ondertekening van hierdie ooreenkoms dat hy / sy ten volle bewus is van die inhoud daarvan en aanvaar onvoorwaardelik en sonder enige voorbehoud die algemene voorwaardes op bladsy 2 hierby aangeheg en wat terug gestuur moet word geteken al dan nie, sowel as die kwotasie deur Wegtrek verskaf en dat sodanige algemene voorwaardes sowel as die kwotasie van toepassing is op en 'n integrale deel is van hierdie ooreenkoms. Die partye kom ooreen dat die bedrag vermeld in hierdie ooreenkoms gebasseer is op die inventaris voltooï of telefonies verskaf deur die versender. **Enige ekstra items sal addisioneel bereken en by bestaande faktuur gevoeg word.** Algemene voorwaardes word gesien as aanvaar deur versender, geteken of teruggestuur al dan nie indien bladsy drie voltooï en onderteken is.

Waar het jy van Wegtrek gehoor?

Bank Besonderhede **WEGTREK MEUBELVERVOER** | FNB Somerset Wes
Rekening nr: 62920316735 | Takkode: 200512
(email ASB. bewys van betaling)

Handtekening

Datum

2026

Wegtrek Meubelvervoer PTY LTD

www.wegtrek.co.za | info@wegtrek.co.za

073 461 5359 | 083 769 9714

